

Uilenkraalsmond Kampvereniging

Posbus 1082
Gansbaai
Plot 595
Uilkraalsmond
7220



Tel : 082 321 4869
E-pos: johankotze@whalemail.co.za

Notule van Algemene Jaar-Vergadering gehou op 27 Desember 2012 te Uilenkraalsmond

Kampkomitee Teenwoordig: Barnie Germishuys (Waarnemende Voorsitter)
 Nadia Gresse (Tesourier)
 Piet Stemmet
 Charl Terblanche
 Stef Hugo
 Albertus Smit
 Henk Smit
 Koos Esterhuizen
 Paul Venter (Buurtwag)
 Faan Holloway

ODM Teenwoordig: Johan Botha (Oordbestuurder)
 Riaan Du Toit (Waarnemende Munisipale Bestuurder)

Verskonings: Jimmy Siewertsen (Voorsitter)
 Johan Prins
 Wiets van der Westhuizen
 Louis Havenga (Sekretaris)
 Sakkie Franke (Raadslid)

Afwesig: Greg Smallbones
 Rudie du Plooy
 Niel Groenewald
 Etc.

Die vergadering word met gebed geopen deur Waarnemende Voorsiiter, Barnie Germishuys.

BG verwelkom alle lede en bespreek die formaat waarvolgens die vergadering gaan plaasvind.

Goedkeuring van vorige Notule – AJV-2011:

Die Notule van die vorige AJV word voorgelees deur BG en Plot 680 aanvaar en Koos Esterhuizen sekondeer.

Agenda punte vir Algemene Jaarvergadering word deurgegee en die vergadering kom in aanvang.

Uilenkraalsmond Kampvereniging

Posbus 1082
Gansbaai
Plot 595
Uilkraalsmond
7220



Tel : 082 321 4869
E-pos: johankotze@whalemail.co.za

Algemene besprekings – AJV-2012:

BG – Spesiale bedanking aan die Buurtwag wat sedert Junie 2012 'n verbetering in die kamp bewerkstellig het ten opsigte van inbrake namens die hele kampvereniging en lede.

BG – Die Voorsitter se jaarverslag verskyn in die Nuustak – kan dit beskou word as gelees – is daar enige vrae uit die Voorsitter se verslag.

- Mnr. Swanepoel raak sekuriteit aan wat volgens hom nie bestaan nie. 'Non Existent!' Mnr. Swanepoel vra die ODM wat hulle met die huurgeld maak sowel as die verhogings. Of dit gesteel word? Hoekom word kapitaal nie beskikbaar gestel vir Uilenkraalsmond nie?
- Riaan Du Toit(ODM) het versoek dat sulke versoeke skriftelik gehanteer moet word en terugvoering gegee sal word.
- Mnr. W Simon vra hoekom die oord agteruitgaan en noem die 'potholes' wat die oorsaak was van sy seun se val en sy arm wat toe gebreek het. Vra ook vir Riaan Du Toit of daar voldoende begroting is.
- Riaan bevestig dat daar geen fondse tot einde Junie 2013 aan Uilenkraalsmond beskikbaar gestel gaan word nie.
- Lid versoek dat 'n heining met lemmetjies draad al teen die grens van die oord opgerig moet word.
- Mnr. W Simon spreek sy kommer uit oor die besoedelde water en die gevaar wat dit vir die mense inbring. Hy het ook me. Pekeur prober skakel maar sy was nie beskikbaar vir kommentaar nie aangesien sy in die hospital was. Terugvoering was nie na wense nie.

Die terugvoering ten opsigte van die Voorsitter se verslag word gefinaliseer.

Nadia Gresse(Tesourier) lees die finansiële verslag geeëinding 30 November 2012 voor aan die vergadering. Daar word bevestig dat die Kampkomitee – Finansies wel elke jaar deel in die publieke deelname ten opsigte van die Munisipale Begroting wat betrekking het op Uilenkraalsmond Vakansie Oord se begroting. Die insette ten opsigte van die begroting word elke jaar deurgegee asook kommentaar gelewer vir die Munisipale Bestuurder se terugvoering en of bevestiging, maar geen terugvoering was ten opsigte van ons versoeke ontvang nie.

NG – 'n Versoek was aan Riaan Du Toit(ODM) gerig om hierdie saak van kommer aan die Munisipale Bestuurder aanhangig te maak sodat daar hierdie jaar beter samewerking asook skriftelike terugvoering ontvang kan word wanneer ons weer ons insette t.o.v. die begroting en finansies aan die ODM deurgee.

Riaan Du Toit(ODM) sê hy sal die versoek deurstuur maar dat hy nie teen die einde January 2013 meer by die ODM sal werksaam wees nie. Hy noem ook dat die Oord se erfbelasting 'n half miljoen beloop wat deur die ODM betaal moet word, maar dat daar heelwat Semi-permanente huurders is wat nie betaal nie.

Uilenkraalsmond Kampvereniging

**Posbus 1082
Gansbaai
Plot 595
Uilkraalsmond
7220**



**Tel : 082 321 4869
E-pos: johankotze@whalemail.co.za**

BG – Noem dat indien die ODM die geld op Uilenkraalsmond spandeer dat die mense weer sal begin betaal. Daar moet dan ook na 'n beter infrastruktuur gekyk word.

Lid / Semi-Permanente Huurder vra dat die fooie dieselfde moet bly as almal betaal as gevolg van die drastiese verhoging sedert die vorige jaar. Daar moet nou geen verhoging wees nie. Mense moet ses maande gegun word om hulle finansies/agterstallige huur in orde te kry. Johan Botha het reeds briewe uitgegee aan mense wat agterstallig is. BG noem dat die ODM ook skuld het hieraan aangesien hulle versuim om kontrakte te erken en mense toe te laat om te verkoop weens finansiële druk. Semi-Permanente Huurders kan nie verkoop nie!

BG – Lees die skrywe wat Jimmy Siewertsen (Voorsitter) opgestel het met al die e-pos versoeke, datums en telefoon oproepe wat sedert 2012 gemaak en gerig was aan verskeie amptenare van die ODM en Provinsie om die saak van Uilenkraalsmond te bestry. Geen samewerking of terugvoering was ontvang nie en hy was van bakboord na stuurboord gestuur.

Mnr Swanepoel noem dat die ODM nie hulle verantwoordelikheid wil aanvaar nie, maar wel die heffings met 20% verhoog. Daar is genoeg geld vir instandhouding, maar waarom wil hulle meer geld hê as dit nie hier op Uilenkraalsmond spandeer word nie? Versoek dat die huurgelde teruggehou moet word en dat ons pers toe moet gaan. Dis ook een van die redes waarom ons so baie vir elektrisiteit moet betaal.

Lid / Semi-Permanente Huurder sê ons word met minagting hanteer.

BG – Dis waarom die Voorsitter van die Kampkomitee sy tydelike bedanking ingedien het om publiek toe te gaan met hierdie swak diens. Daar is geen reaksie van die DA of die ODM nie.

Lid / Semi-Permanente Huurder sê dat die Kampkomitee Finansies en Komiteeledere nie hier aangeval word nie en dat indien nodig die jaarlikse ledegelde verhoog moet word om die Kampkomitee te help met hulle taak. Hy versoek dat die R100 'n R100 per maand moet word.

BG – Bevestig weereens dat die Huurkontrakte almal geldig is. Dat ons Prokureur se brief weereens dit aan die ODM bevestig/uitgewys het, maar waarop die ODM nie gereageer het op die Prokureur se skrywe nie. Die saak van Uilenkraalsmond sal dan publiek gemaak word vroeg in die Nuwe Jaar, 2013. Lid noem dat hy op die 20ste August 2012 'n e-pos aan die Munisipale Bestuurder gestuur het vir sy terugvoering op die geldigheid van sy huurkontrak.

Riaan Du Toit – Noem dat daar sedertdien 3 x skrywes van die ODM na die Publieke Openbare Werke se kantoor gestuur was ten opsigte van ons huidige kontrakte.

Lede versoek dat die ODM / Munisipale Bestuurder 'n Mandaat moet hê om kontrakte te hernu. Die Munisipale Bestuurder moet verantwoordelikheid neem ons kontrakte te teken.

Mnr. Swanepoel vra dan hoekom is dit moontlik dat hulle ons geld kan neem as hulle nie die kontrakte wil aanvaar of teken nie?

Dit word deur Mnr. Riaan Du Toit (ODM) bevestig dat almal wettige kontrakte het. Die Lede vra hom direk hoekom die ODM dan nie die oordrag van kontrakte wil erken nie?

Uilenkraalsmond Kampvereniging



**Posbus 1082
Gansbaai
Plot 595
Uilkraalsmond
7220**

**Tel : 082 321 4869
E-pos: johankotze@whalemail.co.za**

Mnr. Riaan du Toit(ODM) se verduideliking is toe baie kortliks en soos volg: Die Geskiedenis van Uilenkraalsmond dateer uit die tyd toe Caledon en die vorige Plaaslike Regering – ‘Ou’ Afdelingsraad nie die grond soos hulle veronderstel was om te doen, oorgeneem / oorgekoop het nie. Sodoende het die ODM die verantwoordelikheid gekry om die huurgelde te vorder, ens. Hy bevestig dat die

Semi-Permanente huurders altyd deel sal wees van die proses om die grond oor te dra en dat Mnr. James Slabbert(Konsultant) tans besig is met hierdie proses van grond oordrag.

BG - ‘n Plan van aksie moet van stapel gestuur word om samewerking te bewerkstellig. Die instandhouding van ablusieblokke is baie hoog. Huurders word versoek om voort te gaan om die riool sisteem ten volge te gebruik. Die ablusieblokke sal mettertyd uitgefaseer moet word. Mnr. L Adendorf sê hy gaan nie ‘n badkamer aanbou nie aangesien hy sy huurgeld betaal.

Lede versoek dat die huurgelde in die Trust-Rekening inbetaal moet word. Die uitfassing van ablusieblokke moet in orleg met die ODM wees alvorens hulle so ‘n drastiese besluit neem!

BG – Albertus Smit(Kampkomitee – Projekbestuur) word gevra om die elektrisiteits-aangeleentheid te bespreek.

AS – Verduidelik en voer redes aan waarom die beskikbaarheids tarief sedert 2012 deur Gansbaai Munisipaliteit (Overstrand Munisipaliteit) gehef word. Hulle is as die enigste elektrisiteits-verskaffer vir hierdie area aangewys. – Verslag van Albertus moet aangeheg word.

Plot 668 – Mev. Van der Merwe maak beswaar teen die tarief.

Plot 533 – Johan Swart teken beswaar aan.

Plot 581 - Suzette teken beswaar aan.

Plot 587 – Straatligte is af of weggeneem.

‘n Voorstel word gemaak vir ‘n eenmalige ‘uitroep’-tarief wanneer daar ‘n elektriese probleem ontstaan of wanneer ‘n elektriese uitgeroep word. (Plot 80)

Johan Kotze verduidelik waarom Gansbaai (Overstrand) so ‘n heffing in plek gestel het.

Lid versoek dat die tarief per eenheid wat aangekoop word eerder aangepas moet word om die finansiële druk op ons as huurders te verlig.

Buurtwag – Paul Venter kry spreukbeurt:

PV – Bedank Johan Botha wat hulle die geleentheid gegee het vir die stigting van ‘n Buurtwag. Daar word vele problem met dwelms onder die jeug opgetel wat ‘n bekommernis is en ook ‘n krisis is vir die Buurtwag. ‘n ‘Golf-karretjie’ was deur Stef Hugo aan die Buurtwag geskenk wat vir die Buurtwag tot groot voordeel is. Martin De Kock het ‘n skenking van batterye en flitse gemaak. PV bedank die lede wat skenkings gemaak het en noem dat hulle ‘n lys sal omstuur aan diegene wat ook ‘n bydrae wil lewer.

Uilenkraalsmond Kampvereniging

Posbus 1082
Gansbaai
Plot 595
Uilkraalsmond
7220



Tel : 082 321 4869
E-pos: johankotze@whalemail.co.za

Die pad vorentoe – Albertus Smit:

Die pad vorentoe om die toekoms van ons Semi-Permanente Huurders / Lede van die Uilenkraalsmond Kampvereniging te verseker word deur Albertus Smit verduidelik en 'n voorstelling word op tafel geplaas.

Die Kampvereniging is nie 'n regspersoon nie en word dus nie as een erken nie.

Elke persoon is in sy eie reg 'n regspersoon. Ons is al deur 3 – 4 Munisipale Bestuurders in die laaste paar jaar, waarvan laasgenoemde nie eers met ons wil praat nie. Die Kampkomitee het nie die finansies om ons tot 'n regsgeging in die hooggeregshof te wend nie. Die kostes is net te veel.

Afri-Forum is genader en daar sal met hulle binne die volgende jaar in gesprek getree word om ons saak te besleg en sodoende om so ons regte en belange op Uilenkraalsmond te beskerm. Afri-Forum soek 50 lede wat elk R30 per maand sal moet betaal om 'n Forum te stig. 'n Mandaat-brief sal aan al die Lede gestuur word wat as lid van die forum wil aansluit.

Die voorstel word op die AJV aanvaar. Sommige lede is reeds lid van Afri-Forum +- 7 tot 8 het bevestig.

'n E-pos met die Mandaat-brief sal so gou moontlik in die Nuwe Jaar uitgestuur word. Afri-Forum sal dan 'n bebietorder aan die lede stuur wat wil aansluit.

Albertus Smit versoek dat enige persone wat kennis in die regte het hulle self kom beskikbaar stel om ons te help met die saak van Uilenkraalsmond. Daar is tans 5 – 6 belangrike sake wat aangespreek moet word en ons kan nie beskosstig om dit te verloor nie.

Kommunikasie:

'n Beroep is gedoen aan alle Semi-Permanente huurders om weereens hulle e-pos adresse te bevestig, aangesien ons laaste opname in 2010 gedoen het. Sommige e-posse is nie meer in gebruik nie of kom terug met foute.

Hekgelde - Besoekers:

Suzette – vra hoekom besoekers wat kom kuier nog hekgelde moet betaal. BG – Versoek dat sy die probleem op skrif moet plaas sodat dit uitgeklaar kan word / skriftelik beantwoord kan word.

Uilenkraalsmond Kampvereniging

Posbus 1082
Gansbaai
Plot 595
Uilkraalsmond
7220



Tel : 082 321 4869
E-pos: johankotze@whalemail.co.za

Aanstelling – Kampkomitee:

Johan Kotze (Plot 560) word as Sekretaris van die Kampkomitee aangestel na Louis Havenga se bedanking einde 2012.

- Johan Kotze
Plot 560
Cell 082 321 4869
E-Pos johankotze@whalemail.co.za

BG – 'n Versoek is gerig aan die Plettenberg-wyk vir 'n wyksverteenvoorder. Mnr. Less Heffing was genomineer. Kontak besonderhede word versoek.

Voorsitter sluit vergadering af en vergadering word verdaag om 11:20
